131 Bydrae Dr Ben du Toit (waarnemende skriba ATLAS en tydelike taakspan 2015 AS)
Dr Fanie Cronje (lid van ATLAS en tydelike taakspan 2015 AS)
Dr Tiana Bosman (afgevaardigde per geloofsbrief Wes-Kaapse Sinode 2015 en 2016 AS)
Dr Kobus Odendaal (amptelike waarnemer 2015 AS in hoedanigheid as PSD Wes-Kaap Sinode)

Ons as Christene...

'n Respekvolle bydrae ter ondersteuning van besluite van die Algemene Sinode van 2015 met die oog op die Buitengewone vergadering 7-10 November 2016

1. 'n Mens kan dit sekerlik as 'n onbetwisbare feit stel dat **almal** binne die Christelike kerk en by name die NG Kerkfamilie (en nog nader in terme van die konteks van hierdie dokument, die NG Kerk) in die debat oor die oriëntasie en uitlewing van seksualiteit, **daarna strewe om die *wil van God* te soek**. Ons wil almal hierin God gehoorsaam wees. Ons almal wil sensitief wees daarvoor om nie God teleur te stel nie, om nie onsself skuldig te maak aan 'n sonde waarvan ons weet dat dit vir God onaanvaarbaar sal wees nie. Kom ons aanvaar hierdie posisie as 'n gegewe en aanvaar mekaar se *bona fides* en dus ook mekaar se integriteit hierin.

2. 'n Mens behoort dit ook as vanselfsprekend te stel dat **almal** wat ernstig **binne die kerk** aan hierdie debat deelneem, die **gesag van die Bybel** as die Woord van God, **asook** die gesag van **die *Drie Formuliere van Eenheid*** (laasgenoemde soos aanvaar in terme van die *quia* posisie, naamlik dat die formuliere gesag het *omdat* dit in ooreenstemming met die Bybel is), **aanvaar**.

3. In hierdie spesifieke debat oor seksuele oriëntasie en gedrag (waarin talle newe en afgeleide onderwerpe ook ter sprake is, soos die beskouing oor die huwelik, die geslagsrolle in manlik/vroulike verhoudinge, patriargie, gesinsverhoudinge en talle meer) sou dit **waarskynlik net as eerlik beskou word** indien erkenning gegee word aan die feit dat **'n "Bybelse beskouing" hieroor nie eenduidig is nie** – juis gegewe die strek van die tydperk waaroor die verskillende geskrifte van die Bybel oor meer as 1,500 jaar tot stand gekom het. So was poligamie en die leviraat-stelsel as huweliksmodel deel van 'n groot deel van die geskiedenis wat die Bybelse geskrifte dek. Alhoewel Paulus dit as vereiste stel vir die amp van ouderling, word die ontwikkeling tot die voorkeur van 'n een-man-met-een-vrou-huwelik in die Nuwe Testament nêrens direk beredeneer of gemotiveer nie. As dan nog erken word dat die struktuur van verhoudings tussen geslagte sedert die ontwikkeling van die moderne era ook groot variasie en ontwikkeling getoon het (teenoor, byvoorbeeld die Middeleeue en Romantiese tydperk daarna), weet 'n mens dat 'n "Bybelse standpunt" hieroor meer kompleks is as wat gemaklik is.

4. Eweneens sou dit oneerlik wees om nie raak te sien nie dat daar rondom **sake van seksuele aard in die Bybel baie duidelike afwysende standpunte aan te tref** is, wat verstaan was as direk komende van God. Dit het natuurlik nie net met dade van seksuele aard tussen mense van dieselfde geslag te doen

nie, maar ook heteroseksuele verhoudings en seksuele dade tussen familielede. Sommige van die bekende tekste wat sterk afwysende taal-formulerings gebruik as dit by dade van seksuele aard tussen mense van dieselfde geslag kom, kan eenvoudig nie geïgnoreer word nie – en speel dan ook inderdaad 'n prominente rol in die debat oor selfdegeslagverhoudinge. Romeine 1:24-27 en Levitikus 18:22 geld as twee voorbeelde hiervan.

5. Hierteenoor is daar 'n sterk argument dat **die tekste** wat (afwysend) verwys na dade van seksuele aard tussen mense van dieselfde geslag, **in geeneen daarvan te doen het met 'n verhouding van liefde en trou tussen mense van dieselfde geslag** nie (alhoewel daar heel waarskynlik wel sulke verhoudinge bestaan het). Dit gaan oor geweld en verkragting, oor die negering van die destydse waardes van eer en skande, rein en onrein, beperkte goedere (die gode gee aan elkeen sy deel afgemeet en eer is om dit te behou), die versteuring van onderlinge verhoudings in die groep (uitgebreide familie) en bloedskande. Ou Testamentici wys ons telkens daarop dat die sosiale en etiese reëlings (wette) van die Ou Testamentiese tydperk ook te doen gehad het met die in- en uit-groep. Dit het hoofsaaklik die beskerming van die eksklusiewe aard van die in-groep (eie *clan*) in die oog gehad, terwyl daar weer ander reëls gegeld het vir verhoudings met die uit-groepe (ander mense/ander volke/ander *clans*). Om dan nou hierdie reëls/reëlings as universeel en altyd geldend te beskou en direk op ons tyd van toepassing te maak – of selfs van toepassing te maak op die Christelike geloofsgemeenskap van die Nuwe Testamentiese era – toon 'n dis-respekvolle hantering van die teks self. So ook in Romeine 1, waar dit duidelik gaan oor mense wat doelbewus teen God gekies het, goddeloos lewe en kies om sonde te doen. Dus duidelik in terme van die geloofsgemeenskap behorende tot die uit-groep (ander). Om hierdie teks direk in verband te lees met 'n verhouding van liefde en trou tussen twee Christene van dieselfde geslag, is om die konteks – en teks self – nie met respek te hanteer nie.

6. Dit het ook oor die afgelope paar dekades duidelik geblyk dat **'n beroep op 'n verantwoordelike hermeneutiek** in die debat, heel dikwels **nie regtig help** nie. Alle partye stel dit (verantwoordelike hermeneutiek) as vereiste. Dit lyk onwaarskynlik dat partye wat teenoorstaande posisies verteenwoordig deur die ander oortuigbaar is, bloot op grond van die ("regte") metodiek van eksegese en vertolking.

7. Weliswaar sou 'n mens voorbeelde kon noem van **mense wat van 'n ander standpunt as voorheen oortuig geraak** het. Heel dikwels het dit egter gebeur as gevolg van blootstelling aan mense en bepaalde situasies rondom mense. Dit kon gebeur deur die ervaring met kinders of ouers wat "uit die kas gekom het" of wat tot een of ander emosionele trauma gelei het, selfs 'n daad van selfdood. Die skuif in denke en beskouing het nie noodwendig gekom as gevolg van logiese argumente en beredenerings uit die Bybel nie.

8. Selfs 'n beroep op die **insette van verskeie wetenskaplike dissiplines**, soos onder meer die biologie, die psigologie, paleontologie, genetika en verskeie spesialisasie-navorsing in die breë mediese wetenskap, oortuig baie mense ook nie vanselfsprekend dat ons onderskeidende verstaan van seksuele **oriëntasie**, seksuele **identifikasie** en seksuele **gedrag** ons vandag anders behoort te laat dink oor die aard van seksuele verhoudings tussen mense nie. Dit geld uiteraard van alle mense en het nie net betrekking op homoseksuele mense nie. Dit is juis dan (daarteenoor) dat sommige hulle beroep op die

hoër gesag van die Bybel (God?) oor hierdie sake en volg die oproep tot absolute gehoorsaamheid, selfs ten koste van mense se gevoelens en emosies. Dit (hierdie weerstand) gebeur ook somtyds met 'n beroep op standpunte vanuit alternatiewe (nie-hoofstroom) wetenskaplike groepering, of deur die uitwys van foutiewe/ongeldige hipoteses, aannames en teorieë. Terwyl sommige absoluut oortuig is daarvan dat die wetenskap ons hierin wil/gaan help, is ander weer eweneens oortuig dat dit nie vanselfsprekend is nie.

9. Dit laat ons uiteindelik weer by die vraag: **hoe weet ons (in hierdie saak) wat die wil van God is? Die keersy van hierdie vraag is: wat beskou ons in hierdie saak as (die) sonde?**

10. In die **afgelope drie dekades** van besinning hieroor in die NG kerk het daar 'n baie duidelik **aanduibare skuif in denke** hieroor ontstaan: Terwyl die 1986-standpunt van die Algemene Sinode homoseksualiteit as “afwykende gedrag” beskou, het daar gaandeweg 'n meer pastorale aanslag in die gesprek en besluitneming van die kerk ontwikkel. Terwyl homoseksualiteit (die oriëntasie daartoe) aanvanklik as sodanig as 'n sondige keuse beskou was, het dit ontwikkel tot die insig dat 'n bepaalde seksuele oriëntasie egter nie sonde is nie (dus nie 'n wilskeuse is nie), maar dat die uitlewing daarvan wel sondig is. Hier word ook dikwels die argument gehoor dat dit (homoseksuele oriëntasie) “teen die natuur” is en daarom sonde is. Aan die ander kant het die oortuiging vandag gegroei dat dit wat vir iemand “natuurlik” is, eie is aan daardie persoon se unieke fisiologiese en psigologiese samestelling/profiel.

11. Sommige sou die huidige stand van sake oor die gay-debat wou aandui as (aan die eenkant) 'n standpunt wat berus op die nakoming van 'n Bybelse voorskrif waarin die wil van God duidelik blyk, teenoor 'n standpunt wat meer omvattend (maar ook insluitend) die genadige, nie-veroordelende liefde van God vooropstel waarbinne menslike verhoudings ruimte moet kry. Terwyl dit vir sommige gaan oor sonde (al is dit dan nie die oriëntasie self nie, maar wel oor die keuse tot 'n seksuele daad wat as sonde gesien word), gaan dit vir ander deur en deur oor iemand se oriëntasie en identiteit (waarin daar GEEN keuse is nie) en daaruit voortvloeiend die uitlewing van die mees natuurlike en godgegewe gedrag in 'n verhouding van intimiteit.

12. Vir sommige is die meer rigiede nakoming van Bybelse voorskrifte egter juis 'n uitdrukking van God se liefde (van Hom) wat beter weet as ons menslike oordele en voorkeure – en dus tot ons heil en welwese nagekom moet word (dit gaan dus oor die verwerping van sonde, maar nie die sondaar self nie). Vir ander is die absolute en onvoorwaardelike aanvaarding van die menswaardigheid van alle mense tans die hoogste norm in die saak en behoort daarom die wettisisme van die (veral Ou-Testamentiese) Bybelse voorskrifte ondergeskik hieraan beskou te word.

13. **Is dit moontlik om in hierdie skynbaar uitsiglose debat 'n arbiter te vind** – iets of iemand wat oor die nodige integriteit beskik wat by alle moontlike partye gesag sal afdwing? Of is ons gedoem tot 'n verlammende impasse wat uiteindelik sigself gaan wreek op die geloofwaardigheid van die kerk en die Christelike boodskap – dermate dat daar nie juis meer sprake kan wees van 'n publieke getuienis van die geloofsgemeenskap in ons huidige onmiddellike konteks nie?

14. Vir Christene behoort die **Evangelie** (die goeie nuus van Jesus van Nasaret as die openbaring van God) sekerlik **die finale en onbetwisbare vertrekpunt en oriëntasie te wees** om te weet hoe ons oor God dink en wat ons meen dat Hy van ons verwag. Indien 'n mens die lewe (optrede en woorde) van Jesus as maatstaf sou gebruik, is daar wel 'n baie duidelike tendens aan te toon wat hierin as riglyn aangedui kan word vir die verhouding tussen God en mense en mense onderling. Enkele voorbeelde hiervan is die volgende:

14.1 In Matteus 5 lees ons dat Jesus eers die gesag van die “wet” en die “profete” sonder twyfel stel, maar dan telkens met voorbeelde (van moord na kwaadspreek; van offerande na vrede met naaste; van egbreuk pleeg na begeerlik kyk; van egskeiding na trou met geskeide; van eed-sweer na eenvoudig “ja” en “nee”; van oog vir 'n oog na jou ander wang draai; van naaste liefhê en vyande haat, tot vyande liefhê bid vir vervolgers) telkens 'n tree verder gee deur die eis nog meer radikaal te stel op so 'n wyse dat die nakoming daarvan nie net teoreties gestel word nie, maar radikaal in die praktyk geleef moet word. Dit gaan dus nie meer net oor die formele nakoming van wette/reëls/regulasies nie, maar oor die gesindheid van liefde, vergifnis, trou, toegeneentheid teenoor mense as 'n radikale keuse, as vertrekpunt vir die lewe.

14.2 Telkens, met reëlmaat, blyk dit in die Evangelies hoedat die godsdiensleiers van die Joodse geloof Jesus met strikvrae uit hulle arsenaal van hulle wetboek (*Torah* en *Halakha*) in 'n hoek wil dryf om sodoende 'n rede te vind om Hom aan ongehoorsaamheid aan God skuldig te bevind. Vrae oor egskeiding, oor die mees belangrike wet, oor genesing op Sabbat, oor werk op die Sabbat, oor belasting betaal vs tempelbelasting/dankoffers, was onder meer aan die orde. Telkens sien ons Jesus se reaksie as 'n keuse vir liefde/omgee/genaakbaarheid betoon aan slagoffers van die veroordelende (“regsinnige”) godsdiensleiers.

14.3 Die mees afwysende optrede (woorde) van Jesus teenoor die wettisisme van die godsdiensleiers vind ons in Matteus 23. Met opeenstapeling van voorbeelde stel Jesus die skrifgeleerdes en Fariseërs se skynheilige beroep en roem op die nakoming van die Wet en godsdiens-reëls aan die kaak, terwyl hulle die mees wesentlike, naamlik die liefde en sorg vir mense, nie ag nie. En uiteindelik in 23:23 lees ons die volgende: Ellende wag op julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. Juis hierdie dinge moet 'n mens doen en die ander nie nalaat nie. Blinde leiers! Julle skep die muggie uit julle beker uit, maar julle sluk die kameel in.

14.4 Kenmerkend vanuit die laaste voorbeeld (23:23) is Jesus se reduksie van die wetboek deur net 'n eenvoudige eis tot gehoorsaamheid te stel – weliswaar met verskillende inhoude. Vir die ryk jongman wat “die hele wet onderhou het van sy jeug af” sê hy: Een ding kom jy kort: gaan verkoop alles wat jy het en kom dan hier en volg my. Vir die vrou wat op heterdaad betrap is in owerspel (hoe ironies dat daar ook 'n man by betrokke moes wees, maar die kom skotvry terwyl die opdragte in Levitikus is dat beide doodgemaak moet word), kom die woorde: ek veroordeel jou (ook) nie, gaan en moenie meer sonde doen nie. Vir Saggeüs, die gehate tollenaar, kom die verrassende nuus: ek wil vandag by jou tuisgaan/eet. Jesus “oortree” telkens maatreëls wat die oorsaak is dat mense gemarginaliseer word en kry die etiket van 'n vriend van tollenaars en sondaars, wat eet met (sosialiseer) straatvroue en sondaars

– en word so 'n stem van geregtigheid vir die stemloses; Hy bevestig as die “Seun van God” (Jesus van Nasaret) in “die menswording van God” die menswaardigheid van juis diegene van wie die sosiale gemeenskap die minste gedink het.

15. Vanuit die beredenering hierbo (punt 14) behoort ons almal as Christene onsself te beskou as ***Christen-gelowiges*** in die eerste plek en **nie** ongekwalifiseerd as ***Bybel-gelowiges*** nie; as ***Christen-gelowiges*** en **nie** as ***Joodse gelowiges*** nie. As daar geen verskil is wat dit aan betref nie, is ons as Christene nie ons unieke identiteit waardig nie.

16. Dit is hierdie unieke identiteit van die Christelike gemeenskap (kerk) wat in die geskiedenis telkens uiteindelik (alhoewel nie sonder jare lange stryd nie), die stryd teen slawerny, teen apartheid, vir die emansipasie van die vrou (byvoorbeeld) as 'n Christelike saak van geregtigheid (*just cause*) bevestig het. En, ten spyte van die feit dat vir hierdie sake daar nie in die Bybel duidelike argumente afgelees (*verbatim* getuienis) kan word nie, sal verreweg die meeste mense binne die Christelike gemeenskap vandag nie die aanvaarding van slawerny duld, of die miskenning van die volle menswaardigheid van vroue ondersteun, of die goedkeuring van apartheid propageer nie. Inteendeel.

17. **Dit is teen hierdie agtergrond dat ons as Christen gemeenskap die besluite van die Algemene Sinode oor die volle erkenning van die menswaardigheid van gays behoort te verwelkom as 'n evangeliese bevrydingswoord ooreenkomstig die voorbeeld van Jesus self**. Dit behoort juis vir die NG Kerk, as die deel van die Christelike gemeenskap wat sigself skuldig gemaak het aan die miskenning van die menswaardigheid van alle mense deur die aandrang tot die instelling van statutêre apartheid in die vyftiger jare van die vorige eeu, 'n groot voorreg te wees om die leiding te neem en voor te loop in die stryd om die erkenning van die menswaardigheid van alle mense, ongeag hulle geslag, ras, sosiale stand en seksuele oriëntasie.

18. Juis **as gevolg van hierdie unieke geskiedenis van die NG Kerk, is hierdie onverskrokke leierskap tot bevordering van geregtigheid, barmhartigheid en genade vir alle mense 'n absolute voorvereiste** vir die kerk om met integriteit sy profetiese rol in die Suider-Afrikaanse gemeenskap op te neem en 'n publieke getuienis te wees vir **die saak van die Evangelie van Jesus Christus**.

Dr Ben du Toit (waarnemende skriba ATLAS en tydelike taakspan 2015 AS)
Dr Fanie Cronje (lid van ATLAS en tydelike taakspan 2015 AS)
Dr Tiana Bosman (afgevaardigde per geloofsbrief Wes-Kaapse Sinode 2015 en 2016 AS)
Dr Kobus Odendaal (amptelike waarnemer 2015 AS in hoedanigheid as PSD Wes-Kaap Sinode)

30 September 2016

132 Voorlegging Fanie Cronje

Een geloof, een kerk en meerdere interpretasietradisies en interpretasiemoontlikhede

Rede vir en doel van hierdie bydrae

Met hierdie bydrae maak ek graag van die aanbod gebruik om ’n bydrae te maak tot die gesprek oor selfdegeslagverbintenisse tydens die Buitengewone Algemene Sinode van die NG Kerk van SA in sitting 7-10 November 2016. Ek doen dit in my hoedanigheid as medeleraar van die Gemeente Riviera-Jakaranda. Ek was afgevaardigde per geloofsbrief Noordelike Sinode 2015 en ook lid van ATLAS en die tydelike taakspan vir die duur van die 2015 sitting destyds.

Hierdie bydrae is ’n poging om vanuit ’n ander hoek vir die sinode tot diens te probeer wees. Wat hier aangebied word, is ’n poging om die besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverbintenisse by die Oktober 2015 geneem te ondersteun. Hier word in besonder gepoog om die opsie wat die besluit aan kerkrade en gemeentes laat om "hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël" in die lig van die Bybelse getuienis te belig, met die vertroue dat die vergadering opnuut sal besef dat verskillende oortuigings oor ’n saak binne een geloofsgemeenskap nie vreemd aan die Bybelse tradisie is nie.

Inleidende opmerkings

Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in Oktober 2015 onder meer die volgende besluite oor selfdegeslagverbintenisse geneem:

> "*Die Algemene Sinode besluit om ... erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou, en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.*
> *Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.*
> *Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in ’n gees van Christelike liefde te doen.*"

Met hierdie besluit is die ruimte gelaat vir een van twee moontlike opsies – en dus standpunte – oor die onvoorwaardelike aanvaarding van selfdegeslagverbintenisse. By sommige lidmate en leraars het die vraag nou ontstaan hoe die kerk as te ware "twee besluite" oor die saak kon neem. Is dit moontlik dat die "wil van die Here" op twee verskillende manier vertolk kan word, word onder meer gevra.

As kerk, wat bely dat die Bybel vir ons die gesagvolle Woord van God is, wil ons as NG Kerk nie anders nie as om in die Bybel na antwoorde op mense se ongemak en selfs teenstand teen hierdie

besluit, te soek nie. Want, is dit moontlik dat daar verskillende interpretasies van God se wil kan wees, selfs ook in die Bybel? Reeds met ’n eerste lees van die Bybel is dit sonder meer duidelik dat ons in beide die Ou- en die Nuwe Testament voorbeelde het van hoe die mense van die Bybelse tyd (let wel, binne dieselfde geloofsgemeenskap) soms meer as een verstaan van God se wil gehad het.

In wat hier gebied word, word daar slegs van enkele voorbeelde uit die Ou- en die Nuwe Testament ter illustrasie gebruik gemaak. Dit is ook nie bedoel as volledige uitleg en interpretasie van daardie tekste nie, inteendeel. Ruimte laat so ’n omvangryke omskrywing nie hier toe nie. Ons vertrou nietemin dat die voorbeelde hier aangebied, tog die wysheid van die Algemene Sinode om aan leraars en gemeentes in hierdie geval 'n keuse te gee oor die toepassing van die besluit oor selfdegeslagverbintenisse in eie geledere, in (Bybelse) perspektief te plaas.

Een, suiwer "ortodokse" interpretasie?

Dit is opvallend dat, wanneer ons let op hoe mense oor die algemeen dikwels oor die Bybel – en die mense van destyds – dink en praat, jy die indruk kry dat baie Christene meen dat ons in die Bybel slegs een regte, suiwer en ortodokse[1] boodskap oor God en sy wil vir ons lewens vind. Dit klink so al of gelowiges oor die algemeen meen dat die Bybelskrywers almal die een suiwer, regsinnige boodskap ontvang het en dit netso oorgedra het aan die volk van die Here. Onder die volk van die Here was daar dan diegene wat ag geslaan het op die een regsinnige, korrekte verkondiging van God se wil en diegene wat nie ag geslaan het op die een regsinnige, korrekte verkondiging van Sy wil nie.

Dit is egter nie so nie. Christene wat toegewyde lesers van die Bybel is, ontdek vandag steeds dit wat baie van hulle voorgangers oor eeue heen reeds besef het naamlik dat ons verskillende stemme in die Bybel hoor en dat daar soms in die Bybel meer as een perspektief op dieselfde saak gebied word. Dink in die verband byvoorbeeld aan die verskillende weergawes oor wie uiteindelik onder Israel Jerusalem by die Jebusiete afgeneem het (Rigt. 1:8; Rigt. 1:21; 2 Sam. 5:6-8). Of let op Matteus (27:3-10) en Handelinge (1:15-20) se onderskeie weergawes oor hoe Judas die verraaier aan sy einde gekom het, of Lukas en Handelinge se verskil in interpretasie ten opsigte van waar Jesus opgevaar het (Luk. 24:50-51 en Hand 1:9-12).

Meeste van ons het min ongemak hiermee. Heel dikwels word enige ongemak getroos met die beskouing dat dit hier nie regtig oor belangrike leerstellige sake of uitsprake oor God gaan nie, maar sogenaamde randsake is. Tog is daar ander voorbeelde wat met groter erns bejeën behoort te word – en verder hieronder beskryf sal word.

As ingeligte Bybellesers behoort daar in elk geval by ons 'n gesonde begrip te wees vir verskillende perspektiewe, oogmerke of boodskappe wat deur ’n bepaalde beskrywing of weergawe van ’n gebeure deur ’n bepaalde skrywer benadruk word. Meeste van ons weet ook dat "geskiedskrywing" soos ons dit vandag ken eers min of meer gedurende die tyd van die Verligting (17/18de eeu), maar veral daarna ontwikkel het. So weet ons dan dat in antieke tye geskiedenis anders geskryf is as wat vandag die geval is. Daar is dus nie baie gelowiges wat op grond van dié soort verskille meen dat die Bybel onbetroubaar of nie meer die "Woord van God" is nie. Om die waarheid te sê, ons beskou meermale die verskillende perspektiewe as verrykend. Mens sou selfs verder kon gaan om te sê dat sodanige verskille, gegewe die verskillende omstandighede en gebrek aan breë

[1] "Ortodoks" word hier uit die aard van die saak anachronisties gebruik. Ons bedoel hier een korrekte geldige en regsinnige interpretasie van die teks.

kommunikasienetwerke soos ons dit vandag ken, juis 'n teken is van die egtheid van die teks – dat dit 'n betroubare teks is weens sy verskille.

Meer as een interpretasie in dieselfde Bybel

Wanneer die Bybel met aandag gelees word (sogenaamde "close reading"), dan word dit sonder meer duidelik dat daar ook binne die een geloofsgemeenskap van die Ou Testament en die een liggaam van Christus in die Nuwe Testament soms op verskillende maniere oor die interpretasie van die *Wet en die Profete*[2] en Jesus se woorde gedink is. Ons maak 'n fout indien ons dink dat Israel van die begin van haar geskiedenis af – en reg deur die verloop daarvan – slegs een suiwer, ortodokse interpretasie van God se wil daarop nagehou het. Dieselfde geld die onderskeie Nuwe Testamentiese gemeentes se interpretasie van Jesus se woorde en Sy interpretasie en uitleef van die *Wet en die Profete*.

Meer as een interpretasie t.o.v. die wil van die Here - die Ou Testament

In die Ou Testament het ons die bekende voorbeelde van die teenoorgestelde interpretasies van God se wil ten opsigte van die posisie van onder meer Moabiete en ontmandes in die gemeenskap van die Here. Ons lees byvoorbeeld in Deuteronomium 23:1-3 dat geen ontmande of Moabiet lid van die gemeenskap van die Here mag wees nie:

> "*Iemand wie se geslagsorgane verbrysel is of iemand wat ontman is, mag nie lid van die gemeente van die Here wees nie. Niemand wat gebore is uit ontoelaatbare geslagsgemeenskap mag lid van die gemeente word nie, selfs nie so 'n persoon se tiende nageslag nie. Geen Ammoniet of Moabiet mag lid van die gemeente word nie. Niemand uit hulle nageslag mag ooit lid van die gemeente word nie, selfs nie eers een van die tiende geslag nie.*"

In die na-ballingskap se Judese gemeenskap kry ons egter twee verskillende interpretasies van hierdie verbod in die *Wet*. So lees ons byvoorbeeld in Esra 9 en 10 en Nehemia 13:1-3 en 23-30 dat Deuteronomium 23 letterlik en ongenaakbaar geïnterpreteer is. Die vroue wat nie van Judese afkoms was nie, saam met hulle kinders is gewoon van die gemeenskap van die Here afgesny. As aanhaling ter illustrasie Nehemia 13:1, 3

> "*Daardie dag is daar ten aanhore van die volk voorgelees uit die boek van Moses, en daar is geskryf gevind dat 'n Ammoniet of Moabiet nooit in die gemeente van God mag kom nie. Toe die volk dié wet hoor, het hulle almal wat van gemengde herkoms was, van Israel afgeskei.*

[2] "Wet en Profete" verwys hier na die eerste vyf boeke van die Ou Testament, te wete Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium (Wet) en na Josua, Rigters, Samuel, Konings, Jesaja, Jeremia, Esegiël en die Twaalf klein profete (Profete). "Wet" is in ’n sekere sin ’n ongelukkige vertaling van die Hebreeuse woord "*Tora*". Ons verstaan "wet" gewoonlik in ’n juridiese sin, as iets wat op ’n wetboek staan en indien jy dit oortree, jy deur die Staat vervolg word. *Tora* is egter nie dit nie. *Tora* verwys na God se wil vir mense in die lewe van elke dag, leer mens hoe om teenoor mekaar op te tree en beduie ons iets van die gesindheid of ingesteldheid waarmee ons moet leef. *Tora* kom nie uit ’n wetboek nie, dit kom uit die hart. Op hulle beurt is die *Profete* in ’n sekere sin die interpretasie van *Tora*

Interessant is dat daar in Esra 10:15 vermeld word dat terwyl die terugkerende ballinge aan Esra se opdrag uitvoering gee, daar toe reeds diegene was wat nie saam met Esra en Nehemia se interpretasie van Deuteronomium gestem het nie:

> "*Doen belydenis voor die Here die God van julle voorvaders en doen wat Hy wil hê: skei julle af van die heidennasies en die vreemde vrouens. Net Jonatan seun van Asael, en Jagseja seun van Tikwa, gesteun deur Mesullam en die Leviet Sabbetai, was teen die gedagte.*"

Dit is egter in besonder die boek Rut wat ’n gans ander interpretasie van Deuteronomium 23 bied. Ons lees in die boek Rut dat Moabiete nie alleen deel is van die volk van die Here nie, maar selfs in "die koning na God se hart" te wete Dawid, se geslagsregister opgeneem is (Rut 4:18-22). Meer nog, Boas is onder meer eksemplaries van hoe die *Wet* van die Here eintlik geïnterpreteer behoort te word. Die *Wet* word hier nie hard, ongenaakbaar en uitsluitende geïnterpreteer nie. Die *Wet* word juis na sy ware aard en bedoeling geïnterpreteer. Dit wil juis barmhartigheid en medemenslikheid laat gedy.

In die verband kan Deuteronomium 24:19-22 ter illustrasie van die bedoeling van *die Wet* dien.

> "*Wanneer jy jou lande afoes en jy vergeet 'n gerf op die land, moet jy nie omdraai om dit te gaan haal nie. Dit moet bly vir 'n vreemdeling of 'n weeskind of 'n weduwee. Dan sal die Here jou God jou seën in alles wat jy aanpak. Wanneer jy olywe afslaan van jou olyfboom af, mag jy nie agterna weer gaan afslaan nie. Wat agtergebly het, moet bly vir 'n vreemdeling of 'n weeskind of 'n weduwee. Wanneer jy jou wingerd oes, mag jy nie agterna weer gaan oes nie. Wat agtergebly het, moet bly vir 'n vreemdeling of 'n weeskind of 'n weduwee.*"

Ons lees dat Boas nie alleen hierdie beginsel van *die Wet* nakom nie, maar dat hy opdrag gee dat die mense wat vir hom oes aspris méér van die vrug in die proses van oes moet mis, sodat die weduwee Rut meer het om op te tel:

> "*Boas het sy werkers toe beveel: 'Sy mag selfs tussen die gerwe are optel en julle mag haar nie pla nie; julle moet ook van die are uit die gerwe haal en dit op die grond laat val. Sy mag dit optel sonder dat julle haar daaroor aanspreek.*'" (Rut 2:15-16).

Boas begryp dat dit nie oor die letter van *die Wet* gaan nie, maar om die hart van *die Wet*.

Om die punt verder te illustreer: in Jesaja 56:3-8 sien ons nog ’n voorbeeld van ’n ander interpretasie van Deuteronomium 23:1-3 as dié wat ons by Esra en Nehemia kry. Waar Deuteronomium sê dat geen ontmande deel mag wees van die gemeenskap van die Here nie, word hulle volgens Jesaja 56 nie alleen ingesluit in die gemeenskap van die Here nie, hulle kry ’n ere naam:

> "*So sê die Here: Aan die ontmandes wat my sabbatte onderhou, wat kies vir wat Ek wil, en wat lewe volgens my verbond, aan hulle sal Ek in my tempel en aan sy mure 'n teken gee, 'n erenaam wat beter is as seuns en dogters. Ek sal aan sulke mense 'n naam gee wat nie uitgewis sal word nie. Ek sal die nie-Israeliete wat by my volk aansluit om My te dien, om my Naam lief te hê, en om my dienaars te wees, almal wat my sabbatte onderhou en dit nie ontheilig nie, en wat lewe volgens my verbond,*" (Jesaja 56:4-6).

Mens kan jou goed voorstel dat hierdie interpretasie van Deuteronomium 23 vir die meerderheid mense uit die na-ballingskapse Judese gemeenskap in Jerusalem 'n verrassend en skokkende

interpretasie van *die Wet van die Moses* was. Immers, volgens Deuteronomium 23 mag nog ’n ontmande (23:1), nog ’n nie-Israeliet (23:3) lid van die gemeente van die Here wees! Hierdie gebooie was deel van die hele sisteem van gebooie wat rein en onrein mense, diere en dinge elkeen op sy plek moes hou. Dit is die wil van die Here. Volgens Jesaja 56 gaan die tempel (God se heilige ruimte) egter nou vir almal oop - ook hulle wat voorheen in die onrein kategorie geval het.

Hier word spesifiek melding gemaak van diegene wat seksueel nie in die tipiese man/vrou kategorie van destyds gepas het nie, asook diegene wat as vreemdelinge onder die volk van die Here gebly het. Dit is merkwaardig gesien in die lig van die feit dat *die Wet* gedurende die na-ballingskap tyd in 'n hoë mate as absolute norm gegeld het. Ten spyte daarvan word ontmandes en nie-Israeliete nou in die tempel verwelkom.

God sluit mense in en nie uit nie. God bring mense in sy en in mekaar se teenwoordigheid (56:8) in; hy sny hulle nie af nie. Die universele en alles omsluitende verlossing van die Here word hier bevestig. Die God van Israel transendeer grense, o.a. volkere (vreemdeling) en godsdienstige (ontmande) grense heen. Die Here verbind hom aan mense, ongeag hulle herkoms (vreemdelinge) of seksuele status (ontmandes). Om die Here te dien, is om afstand te doen van my vooroordele en grense oor te steek.

Ons met voortdurend daarop bedag wees dat ons nie *die Wet* tot die hoogste goed verhef en in die proses ons al sterker aan ons eie vooroordele verbind, terwyl ons ander mense van ons afsny nie. Jesaja 56 sê by implikasie dat die ontmandes juis mense is wat weet hoe afhanklik hulle van God is (hulle hou die Sabbat) en hulle weet hoe God wil dat hulle moet lewe (hulle doen reg en geregtigheid). Deur só te lewe, getuig hulle dat hulle ook aan God verbind is ("vashou aan my verbond"), dat hulle met Hom in 'n verhouding staan. Hulle kry ’n erenaam (56:5-7). God maak dit duidelik dat getrouheid aan Hom en reg en geregtigheid teenoor mekaar belangriker as volkekundige en seksuele kategorieë.

’n Laaste voorbeeld uit die Ou Testament: dit word vandag ook algemeen deur Ou-Testamentici aanvaar dat die boek Jona onder meer ’n stuk kritiek is op sommige profete en priesters se harde, ongenaakbare interpretasie van *die Wet* waar dit handel oor ander volke en/of hulle wat jy as jou vyand beskou. In die boek wat sy naam dra, ontmoet ons die onmenslike profeet Jona. Sy interpretasie van God se wil, laat geen ruimte vir genade en medemenslikheid nie, maar alleen maar vir God se oordeel. God ontmasker sy hardheid en keer Jona se beskouing van God op sy kop. Jona moes leer dat hy as begenadigde God se genade moet verkondig. Hy durf nie mense God se genade op grond van sy vooroordele ontsê nie.

Ons sien dus duidelik, die een *Tora* ("Wet" of "onderwysing" van die Here) word in dieselfde geloofsgemeenskap en in dieselfde Bybel op twee verskillende maniere geïnterpreteer. Aan die eenkant word dit eksklusief en dus uitsluitend geïnterpreteer. In die ander geval word *die Wet* inklusief en dus ruimer geïnterpreteer. Wanneer ons in die NG Kerk meer as een interpretasie oor 'n saak het, is dit in die lig van bogenoemde voorbeelde, nie vreemd aan die Bybelse tradisie nie.

Meer as een interpretasie t.o.v. die wil van die Here - die Nuwe Testament

Verskille ten opsigte van die interpretasie van God se wil en die tradisie vind ons nie alleen in die Ou Testament nie, maar ook in die Nuwe Testament. In die verband help sommige van Paulus se briewe

en die boek Handelinge ons in besonder. Die evangelieskrywers gee ons ook ’n blik op Jesus se houding jeens die *Wet en Profete*.

Wat die Nuwe Testament betref lees ons onder meer hoe Paulus en die "Paulus-gemeentes" sake soos byvoorbeeld die besnydenis, die eet van vleis aan afgode geoffer en ander dieet reëlings anders geïnterpreteer het as "Petrus en sy mense", asook die gemeente in Jerusalem. Lees in die verband gerus gedeeltes soos Handelinge 15:1-35 (besnydenis; eet saam met nie-Joodse gelowiges; eet van vleis aan afgode geoffer) en Galasiërs 2:11-14 (eet saam met nie-Jode wat in Jesus glo). Ook in hierdie voorbeelde gaan dit om die kategorieë van rein en onrein.

Dit is ook duidelik uit Petrus se gesig waarvan ons in Handelinge 10 lees, dat hy begryp dat hy *die Wet* sagter en inklusief behoort te interpreteer. Tog, wanneer hy onder sy eie mense met die vraag oor inklusiwiteit en eksklusiwiteit, rein en onrein gekonfronteer word, dan val hy terug op die harder, eksklusiewe interpretasie van *die Wet*:

> "*Toe Sefas egter later na Antiogië toe gekom het, het ek my openlik teen hom verset omdat sy optrede duidelik verkeerd was. Voordat daar van Jakobus se mense aangekom het, het Sefas gewoonweg saam met nie-Joodse gelowiges geëet. Maar toe dié mense daar aankom, het hy hom onttrek en hom eenkant begin hou, omdat hy bang was vir die voorstanders van die besnydenis. Die ander Joodse gelowiges het ook saam met hom begin huigel, en selfs Barnabas het hom deur hulle huigelary laat meesleep. Toe ek sien dat hulle van die reguit pad van die evangeliese waarheid afwyk, het ek daar voor almal vir Sefas gesê: 'Jy is 'n Jood, en jy hou jou nie meer aan die Joodse gebruike nie. As jy self leef asof jy nie 'n Jood is nie, hoe kan jy dan mense wat nooit Jode was nie, wil dwing om te lewe asof hulle Jode is?'*" (Gal.2:11-14).

Ten slotte kan Handelinge 8 as voorbeeld vermeld word. Ons lees in vers 26-40 van Filippus en die ontmande Etiopiër. Dit is duidelik dat die skrywer van Handelinge nie by Deuteronomium se harde interpretasie van *die Wet* aansluit nie, maar by Jesaja 56 se interpretasie daarvan. Die sleutel vir hierdie verstaan word juis vir ons gegee wanneer ons in Handelinge hoor dat die ontmande Etiopiër juis besig was om uit die Jesajarol te lees.

Jesus en die interpretasie van die Wet en die Profete

Wanneer ons let op hoe die Evangelieskrywers getuig Jesus geleer en gelewe het en hoe hy *die Wet en Profete* interpreteer en toegepas het, dan sien ons dat Hy konsekwent by die sagter, oper, meer inklusiewe interpretasie uit die Ou Testament aansluit.

> "*Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete los te maak nie. Ek het nie gekom om los te maak nie, maar om vol te maak. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie meer is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.*" (Matteus 5:17-20).

Jesus kom leer vir die mense van sy tyd dat niks ten opsigte van die geldigheid van *die Wet en die Profete* met sy koms verander het nie. Met sy koms bly *die Wet en die Profete* geldig en gelowiges leef steeds aan die hand daarvan. Jesus sê immers dat hy nie gekom het om dit "los te maak" nie, met ander woorde hy het nie gekom om dit te ontbind nie. Hy het gekom om dit "vol te maak", met ander woorde om die eintlike bedoeling daarvan te kom leer en te kom leef.

Jesus handhaaf dus *die Wet en die Profete,* maar dan op ’n heel besonderse manier. Anders as die byvoorbeeld die fariseërs en Sadduseërs wat aansluit by die harde interpretasie lyn uit die Ou Testament, sluit Jesus by die sagter interpretasie lyn uit die Ou Testament aan. Jesus gaan dan verder en spel duidelik uit hoe *die Wet* behoort te funksioneer.

Jesus se interpretasie en toepassing van *die Wet* ontstel onder meer die fariseërs en die Sadduseërs, veral omrede hulle dikwels die indruk kry dat hy teen *die Wet en die Profete* praat en handel. Hulle probeer telkens vasstel waar Jesus ten opsigte van die interpretasie van *die Wet en die Profete* staan, sodat hulle hom in ’n bepaalde stereotiepe kan plaas, of hom met ’n strikvraag kan ontbloot. In hierdie verband, so beduie Matteus in 5:17-20 kom Jesus en hy sê dat die kleinste aandagstrepie en die kleinste vokaal strepie sal nie verbygaan, bedoelende ongeldig wees nie, totdat hierdie lewe verby is nie. Hy kom sê dus dat hy by *die Wet en die Profete staan.* Wanneer jy by dit staan, so beduie die teks, staan jy by God en sy geregtigheid.

Waarom was Jesus so ernstig oor *die Wet en die Profete*?

In Antiochië het die Jode die Christene daarvan beskuldig dat hulle Jesus bo *die* "*Wet en die Profete*" stel. Nee, kom sê Matteus, Jesus is as te ware *die Wet en Profete* in lewende lywe. Jesus kom leer ons dat jy *die Wet* na sy ware bedoeling interpreteer. *Die Wet* laat lewe gedy en maak vredevolle naasbestaan moontlik.

In die verband kan ons uit die Ou Testament Deuteronomium 22:8 as voorbeeld neem.

> "*Wanneer jy ‘n nuwe huis bou, moet jy ‘n reling rondom die dak aanbring sodat jy nie met jou huis iemand se dood veroorsaak as hy van die dak af val nie."*

Die teks roep nie almal van ons wat vandag ‘n huis het of bou om reëlings op ons dak op te rig nie. Hierdie eis het egter ook nie sy krag verloor nie. Deuteronomium illustreer juis waaroor dit in die wil van die Here gaan. Die reëling in Deuteronomium 8 het daaroor gegaan om verantwoordelikheid vir ander te neem. Ons sal vandag eerder sê 'n trap moet 'n reëling hê, of 'n swembad moet tralies om hê. Dit gaan nie oor die letter van *die Wet* nie, maar om medemenslikheid.

Jesus illustreer dit ten beste wanneer hy volgens Markus 2:23-27 die fariseërs leer hoe die wil van die Here geïnterpreteer behoort te word. In *die Wet* gaan dit om die mense van *die Wet* en nie om *die Wet* op sigself nie:

> "*Jesus het verder vir hulle gesê: 'Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie'*." (Markus. 2:27).

Jesus kom bevestig die erns en belang van *die Wet*. Indien ons nie daarby hou nie, word die lewe ondraaglik, is daar vir liefde, genade en geregtigheid nie plek nie. Dit gaan hier nie oor 'n hiërargie in die lewe na die dood nie. Die koninkryk van die hemele (van God) is nou hier. Waar mense medemenslikheid leef, daar is die koninkryk van God.

Die Skrifgeleerdes en fariseërs was onder meer van diegene in die destydse wêreld wat kon lees en skryf. Hulle het ook *die Wet en die Profete* aan mense voorgehou en nougeset daarvolgens gelewe. Hulle was baie ernstig oor God en sy gebooie gewees. Om seker te maak hulle verstaan dinge reg het hulle voortdurend gedink, probeer vasstel en redeneer hoe hulle *die Wet* presies en so goed as moontlik kan nakom. Hulle het dikwels met mekaar oor die interpretasie van *die Wet* geargumenteer. Hulle wou seker maak dat hulle aan God se kant staan en vir hulle was daar maar een manier om by God uit te kom - deur *die Wet* te onderhou.

Jesus kom leer mense dat indien ons maar net vassteek waar die fariseërs vassteek, ons nooit God se teenwoordigheid sal smaak nie. Indien ons dieselfde harde interpretasie as die fariseërs en Sadduseërs t.o.v. *die Wet* daarop na hou, dan begryp ons nie die bedoeling van God se wil vir die lewe nie. Die lewe gaan nie oor *die Wet* nie. Die lewe gaan oor mense en mense se verhouding met God wat sigbaar word in hoe mense onderling met mekaar in die lig van *die Wet* omgaan. Ons beleef iets van God se teenwoordigheid wanneer ons vir mekaar verantwoordelikheid neem wanneer ons vir mekaar lewensruimte skep en mekaar se mens wees nie belemmer of bedreig nie. Wanneer ek my medemens in ag neem, dan beleef ek en my medemens dat die koninkryk van die hemele gekom het - dat God teenwoordig is.

Paulus bevestig in die brief aan die Romeine dat ons nie ons verlossing self kan bewerk nie. Ons kan nie enige iets doen om vir God aanvaarbaar te wees en dan, sodra ons vir hom aanvaarbaar is red hy ons nie. Néé, beduie Paulus, ons wat glo dat die God van Israel Jesus uit die dood opgewek het, ons is verlos. Hierdie sekerheid is geanker in *die Wet van die Here,* so beduie Romeine 10:1-4 ons.

> "*Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding. Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Want Christus is die uiteinde/doel/oogmerk van die Wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.*"

God se liefde en oordeel

Hosea 11 is een van die beste voorbeelde wat betref die verband tussen God se oordeel en sy liefde. Nadat die eerste verse van hoofstuk 11 eers beduie hoe lief die Here sy volk het (Hosea 11:1-5), lees ons in die daaropvolgende verse (Hosea 11:6-7) hoe die Here sy volk gaan straf.

En dan, dan kom die verrassende in Hosea 8-9:

> "[8] *Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan Ek jou vernietig soos Adma, met jou maak soos met Sebojim? Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk.* [9] *Ek sal my gloeiende toorn bedwing, Ek sal nie so ver gaan en Efraim uitwis nie, want Ek is God, nie 'n mens nie. Ek is die Heilige wat by jou is, Ek sal nie met woede ingryp nie.*"

Omdat God God is en omdat hy heilig is, tree Hy anders as mense op. Hy "*sal nie met woede ingryp nie*". Ons sien dat die Here God is deurdat hy, anders as ons nie sy oordeel laat seëvier nie, maar sy genade. God is heilig omrede sy liefde sy woede oorrompel.

’n Letterlike vertaling van die Hebreeus bring hierdie punt nog duideliker uit:

> "*self hy het hom omgedraai - meer nog - my hart - daarmee saam - hulle het warm geword my medelye/passie*" (Hosea 11:8)

Die volk wil nie "omdraai" na die Here toe nie, toe draai die Here se hart maar om. Sy hart draai om van sy oordeel na sy liefde vir sy mense toe! Dit gebeur omrede Hy God is en nie ’n mens nie.

Net terloops, in die Ou Testament word Adma en Sebojim net in verband met Sodom en Gomorra gevind (Gen.10:19; 14:2, 8; Deut. 29:23). Israel se ontrou is so erg dat die Here met hulle behoort te doen wat hy met die vyf stede gedoen het, naamlik deur hulle totaal en al met vuur en swael te vernietig, sodat geen lewe of herlewing ooit weer moontlik is nie. Tog kan hy dit nie oor sy hart kry nie. Die ironie hier is dat hoewel daar nie by Israel 'n draai, 'n omkeer kom nie. kom daar wel by die Here 'n omkeer is. Hy keer Homself om van sy woede af weg. Hy draai weg van sy woede en sy liefde seëvier. Slegs hier in Hosea word daar na God se heiligheid verwys. Maar Let op, God se heiligheid hou verband met sy verlossing, genesing, sy liefde vir Israel en nie met sy woede of oordeel nie.

Om God se wil te onderskei

Net soos dit ’n fout is om te dink dat daar deur Israel en die eerste Christene se geskiedenis heen een suiwer, regsinnige interpretasie was, so is dit ’n fout om te vermoed dat die wil van die Here vir die mense van die Bybelse tyd makliker en duideliker te onderskei was, as wat dit vandag vir ons is. Die bespreking hier bo wys mos juis uit dat dit ook nie vir die mense van die Bybelse tyd altyd so eenvoudig en maklik was om die wil van die Here te onderskei nie.

Dink vir ’n oomblik in die verband byvoorbeeld aan die stryd tussen die twee profete van die Here in Jerusalem, te wete Ganánja, die seun van Assur, die profeet, wat uit Gíbeon afkomstig was en Jeremia, die seun van Hilkía, uit die priesters wat in Anatot was (Jeremia 28). Albei tree in die naam van die Here op en albei kondig aan "so sê die Here". Vir wie moes die koning en die volk nou glo? Watter een van die twee profete se boodskap is die wil van die Here en wie sin is nie?

Hulle het immers nie elkeen 'n naam kaartjie gedra - die een wat lui "Jeremia uit Anatot, ware profeet van die Here" en die ander wat lui " Ganánja uit Gibeon, vals profeet" nie. Nee, die volk van die Here het alleen maar uit die geskiedenis geleer dat Jeremia die waarheid verkondig het en nie Ganánja nie.

Dit wat hier aangebied is dan ook bedoel om ons te maan tot versigtigheid ten opsigte van die manier waarop ons sonder meer oor God se wil praat, so asof ek en my groepie dit klinkklaar en reg sien soos dit is. Laat ons vandag in ons soeke na die wil van die Here eerder saam bly luister, saam bly soek en bid en nie ons self te gou van mekaar los maak of afsny nie.

En dan is dit sekerlik belangrik dan ons wat ons ook al besluit en hoe ons ook al optree teenoor mekaar as die gemeenskap van gelowiges – asook teenoor diegene wat nie van ons geloofsgroep is nie – dit altyd sal doen in die gesindheid van Christelike liefde, Goddelike genade en die soort van versoenende geregtigheid wat deur die Gees in en deur ons bewerk (moet) word.

Een geloof, meerdere interpretasietradisies

Inleidende opmerkings

Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in Oktober 2015 onder meer die volgende besluite oor selfdegeslagverbintenisse geneem:

> "*Die Algemene Sinode besluit om ... erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou, en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.*
> *Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.*
> *Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christelike liefde te doen.*"

Met hierdie besluit is die ruimte gelaat vir een van twee moontlike opsies – en dus standpunte – oor die onvoorwaardelike aanvaarding van selfdegeslagverbintenisse. By sommige lidmate en leraars het die vraag nou ontstaan hoe die kerk as te ware "twee besluite" oor die saak kon neem. Is dit moontlik dat die "wil van die Here" op twee verskillende manier vertolk kan word, word onder meer gevra.

As kerk, wat bely dat die Bybel vir ons die gesagvolle Woord van God is, wil ons as NG Kerk nie anders nie as om in die Bybel na antwoorde op mense se ongemak en selfs teenstand teen hierdie besluit, te soek nie. Want, is dit moontlik dat daar verskillende interpretasies van God se wil kan wees, selfs ook in die Bybel? Reeds met 'n eerste lees van die Bybel is dit sonder meer duidelik dat ons in beide die Ou- en die Nuwe Testament voorbeelde het van hoe die mense van die Bybelse tyd (let wel, binne dieselfde geloofsgemeenskap) soms meer as een verstaan van God se wil gehad het.

In wat hier gebied word, word daar slegs van enkele voorbeelde uit die Ou- en die Nuwe Testament ter illustrasie gebruik gemaak. Dit is ook nie bedoel as volledige uitleg en interpretasie van daardie tekste nie, inteendeel. Ruimte laat so 'n omvangryke omskrywing nie hier toe nie. Ons vertrou nietemin dat die voorbeelde hier aangebied, tog die wysheid van die Algemene Sinode om aan leraars en gemeentes in hierdie geval 'n keuse te gee oor die toepassing van die besluit oor selfdegeslagverbintenisse in eie geledere, in (Bybelse) perspektief te plaas.

Een, suiwer "ortodokse" interpretasie?

Dit is opvallend dat, wanneer ons let op hoe mense oor die algemeen dikwels oor die Bybel – en die mense van destyds – dink en praat, jy die indruk kry dat baie Christene meen dat ons in die Bybel

slegs een regte, suiwer en ortodokse[1] boodskap oor God en sy wil vir ons lewens vind. Dit klink so al of gelowiges oor die algemeen meen dat die Bybelskrywers almal die een suiwer, regsinnige boodskap ontvang het en dit netso oorgedra het aan die volk van die Here. Onder die volk van die Here was daar dan diegene wat ag geslaan het op die een regsinnige, korrekte verkondiging van God se wil en diegene wat nie ag geslaan het op die een regsinnige, korrekte verkondiging van Sy wil nie.

Dit is egter nie so nie. Christene wat toegewyde lesers van die Bybel is, ontdek vandag steeds dit wat baie van hulle voorgangers oor eeue heen reeds besef het naamlik dat ons verskillende stemme in die Bybel hoor en dat daar soms in die Bybel meer as een perspektief op dieselfde saak gebied word. Dink in die verband byvoorbeeld aan die verskillende weergawes oor wie uiteindelik onder Israel Jerusalem by die Jebusiete afgeneem het (Rigt. 1:8; Rigt. 1:21; 2 Sam. 5:6-8). Of let op Matteus (27:3-10) en Handelinge (1:15-20) se onderskeie weergawes oor hoe Judas die verraaier aan sy einde gekom het, of Lukas en Handelinge se verskil in interpretasie ten opsigte van waar Jesus opgevaar het (Luk. 24:50-51 en Hand 1:9-12).

Meeste van ons het min ongemak hiermee. Heel dikwels word enige ongemak getroos met die beskouing dat dit hier nie regtig oor belangrike leerstellige sake of uitsprake oor God gaan nie, maar sogenaamde randsake is. Tog is daar ander voorbeelde wat met groter erns bejeën behoort te word – en verder hieronder beskryf sal word.

As ingeligte Bybellesers behoort daar in elk geval by ons 'n gesonde begrip te wees vir verskillende perspektiewe, oogmerke of boodskappe wat deur ’n bepaalde beskrywing of weergawe van ’n gebeure deur ’n bepaalde skrywer benadruk word. Meeste van ons weet ook dat "geskiedskrywing" soos ons dit vandag ken eers min of meer gedurende die tyd van die Verligting (17/18de eeu), maar veral daarna ontwikkel het. So weet ons dan dat in antieke tye geskiedenis anders geskryf is as wat vandag die geval is. Daar is dus nie baie gelowiges wat op grond van dié soort verskille meen dat die Bybel onbetroubaar of nie meer die "Woord van God" is nie. Om die waarheid te sê, ons beskou meermale die verskillende perspektiewe as verrykend. Mens sou selfs verder kon gaan om te sê dat sodanige verskille, gegewe die verskillende omstandighede en gebrek aan breë kommunikasienetwerke soos ons dit vandag ken, juis 'n teken is van die egtheid van die teks – dat dit 'n betroubare teks is weens sy verskille.

Meer as een interpretasie in dieselfde Bybel

Wanneer die Bybel met aandag gelees word (sogenaamde "close reading"), dan word dit sonder meer duidelik dat daar ook binne die een geloofsgemeenskap van die Ou Testament en die een liggaam van Christus in die Nuwe Testament soms op verskillende maniere oor die interpretasie van die *Wet en die Profete*[2] en Jesus se woorde gedink is. Ons maak 'n fout indien ons dink dat Israel van die begin van haar geskiedenis af – en reg deur die verloop daarvan – slegs een suiwer, ortodokse interpretasie van

[1] "Ortodoks" word hier uit die aard van die saak anachronisties gebruik. Ons bedoel hier een korrekte geldige en regsinnige interpretasie van die teks.

[2] "Wet en Profete" verwys hier na die eerste vyf boeke van die Ou Testament, te wete Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium (Wet) en na Josua, Rigters, Samuel, Konings, Jesaja, Jeremia, Esegiël en die Twaalf klein profete (Profete). "Wet" is in ’n sekere sin ’n ongelukkige vertaling van die Hebreeuse woord "*Tora*". Ons verstaan "wet" gewoonlik in ’n juridiese sin, as iets wat op ’n wetboek staan en indien jy dit oortree, jy deur die Staat vervolg word. *Tora* is egter nie dit nie. *Tora* verwys na God se wil vir mense in die lewe van elke dag, leer mens hoe om teenoor mekaar op te tree en beduie ons iets van die gesindheid of ingesteldheid waarmee ons moet leef. *Tora* kom nie uit ’n wetboek nie, dit kom uit die hart. Op hulle beurt is die *Profete* in ’n sekere sin die interpretasie van *Tora*

God se wil daarop nagehou het. Dieselfde geld die onderskeie Nuwe Testamentiese gemeentes se interpretasie van Jesus se woorde en Sy interpretasie en uitleef van die *Wet en die Profete*.

Meer as een interpretasie t.o.v. die wil van die Here - die Ou Testament

In die Ou Testament het ons die bekende voorbeelde van die teenoorgestelde interpretasies van God se wil ten opsigte van die posisie van onder meer Moabiete en ontmandes in die gemeenskap van die Here. Ons lees byvoorbeeld in Deuteronomium 23:1-3 dat geen ontmande of Moabiet lid van die gemeenskap van die Here mag wees nie:

> "*Iemand wie se geslagsorgane verbrysel is of iemand wat ontman is, mag nie lid van die gemeente van die Here wees nie. Niemand wat gebore is uit ontoelaatbare geslagsgemeenskap mag lid van die gemeente word nie, selfs nie so 'n persoon se tiende nageslag nie. Geen Ammoniet of Moabiet mag lid van die gemeente word nie. Niemand uit hulle nageslag mag ooit lid van die gemeente word nie, selfs nie eers een van die tiende geslag nie.*"

In die na-ballingskap se Judese gemeenskap kry ons egter twee verskillende interpretasies van hierdie verbod in die *Wet*. So lees ons byvoorbeeld in Esra 9 en 10 en Nehemia 13:1-3 en 23-30 dat Deuteronomium 23 letterlik en ongenaakbaar geïnterpreteer is. Die vroue wat nie van Judese afkoms was nie, saam met hulle kinders is gewoon van die gemeenskap van die Here afgesny. As aanhaling ter illustrasie Nehemia 13:1, 3

> "*Daardie dag is daar ten aanhore van die volk voorgelees uit die boek van Moses, en daar is geskryf gevind dat 'n Ammoniet of Moabiet nooit in die gemeente van God mag kom nie. Toe die volk dié wet hoor, het hulle almal wat van gemengde herkoms was, van Israel afgeskei.*

Interessant is dat daar in Esra 10:15 vermeld word dat terwyl die terugkerende ballinge aan Esra se opdrag uitvoering gee, daar toe reeds diegene was wat nie saam met Esra en Nehemia se interpretasie van Deuteronomium gestem het nie:

> "*Doen belydenis voor die Here die God van julle voorvaders en doen wat Hy wil hê: skei julle af van die heidennasies en die vreemde vrouens. Net Jonatan seun van Asael, en Jagseja seun van Tikwa, gesteun deur Mesullam en die Leviet Sabbetai, was teen die gedagte.*"

Dit is egter in besonder die boek Rut wat ’n gans ander interpretasie van Deuteronomium 23 bied. Ons lees in die boek Rut dat Moabiete nie alleen deel is van die volk van die Here nie, maar selfs in "die koning na God se hart" te wete Dawid, se geslagsregister opgeneem is (Rut 4:18-22). Meer nog, Boas is onder meer eksemplaries van hoe die *Wet* van die Here eintlik geïnterpreteer behoort te word. Die *Wet* word hier nie hard, ongenaakbaar en uitsluitende geïnterpreteer nie. Die *Wet* word juis na sy ware aard en bedoeling geïnterpreteer. Dit wil juis barmhartigheid en medemenslikheid laat gedy.

In die verband kan Deuteronomium 24:19-22 ter illustrasie van die bedoeling van *die Wet* dien.

> "*Wanneer jy jou lande afoes en jy vergeet 'n gerf op die land, moet jy nie omdraai om dit te gaan haal nie. Dit moet bly vir 'n vreemdeling of 'n weeskind of 'n weduwee. Dan sal die Here jou God jou seën in alles wat jy aanpak. Wanneer jy olywe afslaan van jou olyfboom af, mag jy nie agterna weer gaan afslaan nie. Wat agtergebly het, moet bly vir 'n vreemdeling of 'n weeskind of 'n weduwee. Wanneer jy jou wingerd oes, mag jy nie agterna weer gaan oes nie. Wat agtergebly het, moet bly vir 'n*

vreemdeling of 'n weeskind of 'n weduwee."

Ons lees dat Boas nie alleen hierdie beginsel van *die Wet* nakom nie, maar dat hy opdrag gee dat die mense wat vir hom oes aspris méér van die vrug in die proses van oes moet mis, sodat die weduwee Rut meer het om op te tel:

> "*Boas het sy werkers toe beveel: 'Sy mag selfs tussen die gerwe are optel en julle mag haar nie pla nie; julle moet ook van die are uit die gerwe haal en dit op die grond laat val. Sy mag dit optel sonder dat julle haar daaroor aanspreek.'*"
> (Rut 2:15-16).

Boas begryp dat dit nie oor die letter van *die Wet* gaan nie, maar om die hart van *die Wet*.

Om die punt verder te illustreer: in Jesaja 56:3-8 sien ons nog ’n voorbeeld van ’n ander interpretasie van Deuteronomium 23:1-3 as dié wat ons by Esra en Nehemia kry. Waar Deuteronomium sê dat geen ontmande deel mag wees van die gemeenskap van die Here nie, word hulle volgens Jesaja 56 nie alleen ingesluit in die gemeenskap van die Here nie, hulle kry ’n ere naam:

> "*So sê die Here: Aan die ontmandes wat my sabbatte onderhou, wat kies vir wat Ek wil, en wat lewe volgens my verbond, aan hulle sal Ek in my tempel en aan sy mure 'n teken gee, 'n erenaam wat beter is as seuns en dogters. Ek sal aan sulke mense 'n naam gee wat nie uitgewis sal word nie. Ek sal die nie-Israeliete wat by my volk aansluit om My te dien, om my Naam lief te hê, en om my dienaars te wees, almal wat my sabbatte onderhou en dit nie ontheilig nie, en wat lewe volgens my verbond*," (Jesaja 56:4-6).

Mens kan jou goed voorstel dat hierdie interpretasie van Deuteronomium 23 vir die meerderheid mense uit die na-ballingskapse Judese gemeenskap in Jerusalem 'n verrassend en skokkende interpretasie van *die Wet van die Moses* was. Immers, volgens Deuteronomium 23 mag nog ’n ontmande (23:1), nog ’n nie-Israeliet (23:3) lid van die gemeente van die Here wees! Hierdie gebooie was deel van die hele sisteem van gebooie wat rein en onrein mense, diere en dinge elkeen op sy plek moes hou. Dit is die wil van die Here. Volgens Jesaja 56 gaan die tempel (God se heilige ruimte) egter nou vir almal oop - ook hulle wat voorheen in die onrein kategorie geval het.

Hier word spesifiek melding gemaak van diegene wat seksueel nie in die tipiese man/vrou kategorie van destyds gepas het nie, asook diegene wat as vreemdelinge onder die volk van die Here gebly het. Dit is merkwaardig gesien in die lig van die feit dat *die Wet* gedurende die na-ballingskap tyd in 'n hoë mate as absolute norm gegeld het. Ten spyte daarvan word ontmandes en nie-Israeliete nou in die tempel verwelkom.

God sluit mense in en nie uit nie. God bring mense in sy en in mekaar se teenwoordigheid (56:8) in; hy sny hulle nie af nie. Die universele en alles omsluitende verlossing van die Here word hier bevestig. Die God van Israel transendeer grense, o.a. volkere (vreemdeling) en godsdienstige (ontmande) grense heen. Die Here verbind hom aan mense, ongeag hulle herkoms (vreemdelinge) of seksuele status (ontmandes). Om die Here te dien, is om afstand te doen van my vooroordele en grense oor te steek.

Ons met voortdurend daarop bedag wees dat ons nie *die Wet* tot die hoogste goed verhef en in die proses ons al sterker aan ons eie vooroordele verbind, terwyl ons ander mense van ons afsny nie. Jesaja 56 sê by implikasie dat die ontmandes juis mense is wat weet hoe afhanklik hulle van God is (hulle hou die Sabbat) en hulle weet hoe God wil dat hulle moet lewe (hulle doen reg en geregtigheid). Deur só te lewe, getuig hulle dat hulle ook aan God verbind is ("vashou aan my verbond"), dat hulle

met Hom in 'n verhouding staan. Hulle kry ’n erenaam (56:5-7). God maak dit duidelik dat getrouheid aan Hom en reg en geregtigheid teenoor mekaar belangriker as volkekundige en seksuele kategorieë.

’n Laaste voorbeeld uit die Ou Testament: dit word vandag ook algemeen deur Ou-Testamentici aanvaar dat die boek Jona onder meer ’n stuk kritiek is op sommige profete en priesters se harde, ongenaakbare interpretasie van *die Wet* waar dit handel oor ander volke en/of hulle wat jy as jou vyand beskou. In die boek wat sy naam dra, ontmoet ons die onmenslike profeet Jona. Sy interpretasie van God se wil, laat geen ruimte vir genade en medemenslikheid nie, maar alleen maar vir God se oordeel. God ontmasker sy hardheid en keer Jona se beskouing van God op sy kop. Jona moes leer dat hy as begenadigde God se genade moet verkondig. Hy durf nie mense God se genade op grond van sy vooroordele ontsê nie.

Ons sien dus duidelik, die een *Tora* ("Wet" of "onderwysing" van die Here) word in dieselfde geloofsgemeenskap en in dieselfde Bybel op twee verskillende maniere geïnterpreteer. Aan die eenkant word dit eksklusief en dus uitsluitend geïnterpreteer. In die ander geval word *die Wet* inklusief en dus ruimer geïnterpreteer. Wanneer ons in die NG Kerk meer as een interpretasie oor 'n saak het, is dit in die lig van bogenoemde voorbeelde, nie vreemd aan die Bybelse tradisie nie.

Meer as een interpretasie t.o.v. die wil van die Here - die Nuwe Testament

Verskille ten opsigte van die interpretasie van God se wil en die tradisie vind ons nie alleen in die Ou Testament nie, maar ook in die Nuwe Testament. In die verband help sommige van Paulus se briewe en die boek Handelinge ons in besonder. Die evangelieskrywers gee ons ook ’n blik op Jesus se houding jeens die *Wet en Profete*.

Wat die Nuwe Testament betref lees ons onder meer hoe Paulus en die "Paulus-gemeentes" sake soos byvoorbeeld die besnydenis, die eet van vleis aan afgode geoffer en ander dieet reëlings anders geïnterpreteer het as "Petrus en sy mense", asook die gemeente in Jerusalem. Lees in die verband gerus gedeeltes soos Handelinge 15:1-35 (besnydenis; eet saam met nie-Joodse gelowiges; eet van vleis aan afgode geoffer) en Galasiërs 2:11-14 (eet saam met nie-Jode wat in Jesus glo). Ook in hierdie voorbeelde gaan dit om die kategorieë van rein en onrein.

Dit is ook duidelik uit Petrus se gesig waarvan ons in Handelinge 10 lees, dat hy begryp dat hy *die Wet* sagter en inklusief behoort te interpreteer. Tog, wanneer hy onder sy eie mense met die vraag oor inklusiwiteit en eksklusiwiteit, rein en onrein gekonfronteer word, dan val hy terug op die harder, eksklusiewe interpretasie van *die Wet*:

> "*Toe Sefas egter later na Antiogië toe gekom het, het ek my openlik teen hom verset omdat sy optrede duidelik verkeerd was. Voordat daar van Jakobus se mense aangekom het, het Sefas gewoonweg saam met nie-Joodse gelowiges geëet. Maar toe dié mense daar aankom, het hy hom onttrek en hom eenkant begin hou, omdat hy bang was vir die voorstanders van die besnydenis. Die ander Joodse gelowiges het ook saam met hom begin huigel, en selfs Barnabas het hom deur hulle huigelary laat meesleep. Toe ek sien dat hulle van die reguit pad van die evangeliese waarheid afwyk, het ek daar voor almal vir Sefas gesê: 'Jy is 'n Jood, en jy hou jou nie meer aan die Joodse gebruike nie. As jy self leef asof jy nie 'n Jood is nie, hoe kan jy dan mense wat nooit Jode was nie, wil dwing om te lewe asof hulle Jode is?'*" (Gal.2:11-14).

Ten slotte kan Handelinge 8 as voorbeeld vermeld word. Ons lees in vers 26-40 van Filippus en die ontmande Etiopiër. Dit is duidelik dat die skrywer van Handelinge nie by Deuteronomium se harde interpretasie van *die Wet* aansluit nie, maar by Jesaja 56 se interpretasie daarvan. Die sleutel vir hierdie verstaan word juis vir ons gegee wanneer ons in Handelinge hoor dat die ontmande Etiopiër juis besig was om uit die Jesajarol te lees.

Jesus en die interpretasie van die Wet en die Profete

Wanneer ons let op hoe die Evangelieskrywers getuig Jesus geleer en gelewe het en hoe hy *die Wet en Profete* interpreteer en toegepas het, dan sien ons dat Hy konsekwent by die sagter, oper, meer inklusiewe interpretasie uit die Ou Testament aansluit.

> "*Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete los te maak nie. Ek het nie gekom om los te maak nie, maar om vol te maak. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie meer is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.*" (Matteus 5:17-20).

Jesus kom leer vir die mense van sy tyd dat niks ten opsigte van die geldigheid van *die Wet en die Profete* met sy koms verander het nie. Met sy koms bly *die Wet en die Profete* geldig en gelowiges leef steeds aan die hand daarvan. Jesus sê immers dat hy nie gekom het om dit "los te maak" nie, met ander woorde hy het nie gekom om dit te ontbind nie. Hy het gekom om dit "vol te maak", met ander woorde om die eintlike bedoeling daarvan te kom leer en te kom leef.

Jesus handhaaf dus *die Wet en die Profete*, maar dan op ’n heel besonderse manier. Anders as die byvoorbeeld die fariseërs en Sadduseërs wat aansluit by die harde interpretasie lyn uit die Ou Testament, sluit Jesus by die sagter interpretasie lyn uit die Ou Testament aan. Jesus gaan dan verder en spel duidelik uit hoe *die Wet* behoort te funksioneer.

Jesus se interpretasie en toepassing van *die Wet* ontstel onder meer die fariseërs en die Sadduseërs, veral omrede hulle dikwels die indruk kry dat hy teen *die Wet en die Profete* praat en handel. Hulle probeer telkens vasstel waar Jesus ten opsigte van die interpretasie van *die Wet en die Profete* staan, sodat hulle hom in ’n bepaalde stereotiepe kan plaas, of hom met ’n strikvraag kan ontbloot. In hierdie verband, so beduie Matteus in 5:17-20 kom Jesus en hy sê dat die kleinste aandagstrepie en die kleinste vokaal strepie sal nie verbygaan, bedoelende ongeldig wees nie, totdat hierdie lewe verby is nie. Hy kom sê dus dat hy by *die Wet en die Profete staan.* Wanneer jy by dit staan, so beduie die teks, staan jy by God en sy geregtigheid.

Waarom was Jesus so ernstig oor *die Wet en die Profete*?

In Antiochië het die Jode die Christene daarvan beskuldig dat hulle Jesus bo *die* "*Wet en die Profete*" stel. Nee, kom sê Matteus, Jesus is as te ware *die Wet en Profete* in lewende lywe. Jesus kom leer ons dat jy *die Wet* na sy ware bedoeling interpreteer. *Die Wet* laat lewe gedy en maak vredevolle naasbestaan moontlik.

In die verband kan ons uit die Ou Testament Deuteronomium 22:8 as voorbeeld neem.

> "*Wanneer jy 'n nuwe huis bou, moet jy 'n reling rondom die dak aanbring sodat jy nie met jou huis iemand se dood veroorsaak as hy van die dak af val nie."*

Die teks roep nie almal van ons wat vandag 'n huis het of bou om reëlings op ons dak op te rig nie. Hierdie eis het egter ook nie sy krag verloor nie. Deuteronomium illustreer juis waaroor dit in die wil van die Here gaan. Die reëling in Deuteronomium 8 het daaroor gegaan om verantwoordelikheid vir ander te neem. Ons sal vandag eerder sê 'n trap moet 'n reëling hê, of 'n swembad moet tralies om hê. Dit gaan nie oor die letter van *die Wet* nie, maar om medemenslikheid.

Jesus illustreer dit ten beste wanneer hy volgens Markus 2:23-27 die fariseërs leer hoe die wil van die Here geïnterpreteer behoort te word. In *die Wet* gaan dit om die mense van *die Wet* en nie om *die Wet* op sigself nie:

> "*Jesus het verder vir hulle gesê: 'Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie'*." (Markus. 2:27).

Jesus kom bevestig die erns en belang van *die Wet*. Indien ons nie daarby hou nie, word die lewe ondraaglik, is daar vir liefde, genade en geregtigheid nie plek nie. Dit gaan hier nie oor 'n hiërargie in die lewe na die dood nie. Die koninkryk van die hemele (van God) is nou hier. Waar mense medemenslikheid leef, daar is die koninkryk van God.

Die Skrifgeleerdes en fariseërs was onder meer van diegene in die destydse wêreld wat kon lees en skryf. Hulle het ook *die Wet en die Profete* aan mense voorgehou en nougeset daarvolgens gelewe. Hulle was baie ernstig oor God en sy gebooie gewees. Om seker te maak hulle verstaan dinge reg het hulle voortdurend gedink, probeer vasstel en redeneer hoe hulle *die Wet* presies en so goed as moontlik kan nakom. Hulle het dikwels met mekaar oor die interpretasie van *die Wet* geargumenteer. Hulle wou seker maak dat hulle aan God se kant staan en vir hulle was daar maar een manier om by God uit te kom - deur *die Wet* te onderhou.

Jesus kom leer mense dat indien ons maar net vassteek waar die fariseërs vassteek, ons nooit God se teenwoordigheid sal smaak nie. Indien ons dieselfde harde interpretasie as die fariseërs en Sadduseërs t.o.v. *die Wet* daarop na hou, dan begryp ons nie die bedoeling van God se wil vir die lewe nie. Die lewe gaan nie oor *die Wet* nie. Die lewe gaan oor mense en mense se verhouding met God wat sigbaar word in hoe mense onderling met mekaar in die lig van *die Wet* omgaan. Ons beleef iets van God se teenwoordigheid wanneer ons vir mekaar verantwoordelikheid neem wanneer ons vir mekaar lewensruimte skep en mekaar se mens wees nie belemmer of bedreig nie. Wanneer ek my medemens in ag neem, dan beleef ek en my medemens dat die koninkryk van die hemele gekom het - dat God teenwoordig is.

Paulus bevestig in die brief aan die Romeine dat ons nie ons verlossing self kan bewerk nie. Ons kan nie enige iets doen om vir God aanvaarbaar te wees en dan, sodra ons vir hom aanvaarbaar is red hy ons nie. Néé, beduie Paulus, ons wat glo dat die God van Israel Jesus uit die dood opgewek het, ons is verlos. Hierdie sekerheid is geanker in *die Wet van die Here,* so beduie Romeine 10:1-4 ons.

> "*Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding. Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Want Christus is die uiteinde/doel/oogmerk van die Wet tot geregtigheid vir elkeen*

wat glo."

God se liefde en oordeel

Hosea 11 is een van die beste voorbeelde wat betref die verband tussen God se oordeel en sy liefde. Nadat die eerste verse van hoofstuk 11 eers beduie hoe lief die Here sy volk het (Hosea 11:1-5), lees ons in die daaropvolgende verse (Hosea 11:6-7) hoe die Here sy volk gaan straf.

En dan, dan kom die verrassende in Hosea 8-9:

> "[8] *Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan Ek jou vernietig soos Adma, met jou maak soos met Sebojim? Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk.* [9] *Ek sal my gloeiende toorn bedwing, Ek sal nie so ver gaan en Efraim uitwis nie, want Ek is God, nie 'n mens nie. Ek is die Heilige wat by jou is, Ek sal nie met woede ingryp nie.*"

Omdat God God is en omdat hy heilig is, tree Hy anders as mense op. Hy "*sal nie met woede ingryp nie*". Ons sien dat die Here God is deurdat hy, anders as ons nie sy oordeel laat seëvier nie, maar sy genade. God is heilig omrede sy liefde sy woede oorrompel.

'n Letterlike vertaling van die Hebreeus bring hierdie punt nog duideliker uit:

> "*self hy het hom omgedraai - meer nog - my hart - daarmee saam - hulle het warm geword my medelye/passie*" (Hosea 11:8)

Die volk wil nie "omdraai" na die Here toe nie, toe draai die Here se hart maar om. Sy hart draai om van sy oordeel na sy liefde vir sy mense toe! Dit gebeur omrede Hy God is en nie 'n mens nie.

Net terloops, in die Ou Testament word Adma en Sebojim net in verband met Sodom en Gomorra gevind (Gen.10:19; 14:2, 8; Deut. 29:23). Israel se ontrou is so erg dat die Here met hulle behoort te doen wat hy met die vyf stede gedoen het, naamlik deur hulle totaal en al met vuur en swael te vernietig, sodat geen lewe of herlewing ooit weer moontlik is nie. Tog kan hy dit nie oor sy hart kry nie. Die ironie hier is dat hoewel daar nie by Israel 'n draai, 'n omkeer kom nie. kom daar wel by die Here 'n omkeer is. Hy keer Homself om van sy woede af weg. Hy draai weg van sy woede en sy liefde seëvier. Slegs hier in Hosea word daar na God se heiligheid verwys. Maar Let op, God se heiligheid hou verband met sy verlossing, genesing, sy liefde vir Israel en nie met sy woede of oordeel nie.

Om God se wil te onderskei

Net soos dit 'n fout is om te dink dat daar deur Israel en die eerste Christene se geskiedenis heen een suiwer, regsinnige interpretasie was, so is dit 'n fout om te vermoed dat die wil van die Here vir die mense van die Bybelse tyd makliker en duideliker te onderskei was, as wat dit vandag vir ons is. Die bespreking hier bo wys mos juis uit dat dit ook nie vir die mense van die Bybelse tyd altyd so eenvoudig en maklik was om die wil van die Here te onderskei nie.

Dink vir 'n oomblik in die verband byvoorbeeld aan die stryd tussen die twee profete van die Here in Jerusalem, te wete Ganánja, die seun van Assur, die profeet, wat uit Gíbeon afkomstig was en Jeremia, die seun van Hilkía, uit die priesters wat in Anatot was (Jeremia 28). Albei tree in die naam van die Here op en albei kondig aan "so sê die Here". Vir wie moes die koning en die volk nou glo? Watter een van die twee profete se boodskap is die wil van die Here en wie sin is nie?

Hulle het immers nie elkeen 'n naam kaartjie gedra - die een wat lui "Jeremia uit Anatot, ware profeet van die Here" en die ander wat lui " Ganánja uit Gibeon, vals profeet" nie. Nee, die volk van die Here het alleen maar uit die geskiedenis geleer dat Jeremia die waarheid verkondig het en nie Ganánja nie.

Dit wat hier aangebied is dan ook bedoel om ons te maan tot versigtigheid ten opsigte van die manier waarop ons sonder meer oor God se wil praat, so asof ek en my groepie dit klinkklaar en reg sien soos dit is. Laat ons vandag in ons soeke na die wil van die Here eerder saam bly luister, saam bly soek en bid en nie ons self te gou van mekaar los maak of afsny nie.

En dan is dit sekerlik belangrik dan ons wat ons ook al besluit en hoe ons ook al optree teenoor mekaar as die gemeenskap van gelowiges – asook teenoor diegene wat nie van ons geloofsgroep is nie – dit altyd sal doen in die gesindheid van Christelike liefde, Goddelike genade en die soort van versoenende geregtigheid wat deur die Gees in en deur ons bewerk (moet) word.

Eietydse perspektief op relativisme, perspektivisme, geldigheid en konsensus

In die boek waaraan Ferdinand Deist besig was om te werk, toe hy skielik oorlede is[3], skryf hy onder meer oor die verskillende perspektiewe, relatiwiteit en konsensus. Hier volg dit wat hy in die verband aan te bied het.

Perspektivisme

Wanneer ons ’n driedimensionele voorwerp vanuit twee verskillende perspektiewe (A en B) belig, sodat die skaduwee op ’n tweedimensionele oppervlak val, sien ons twee verskillende prentjies (A en B) van dieselfde voorwerk. Sou die een en/of die ander waarnemer sy/haar perspektief as die enigste ware perspektief sien, sal hy/sy dit wat hy/sy sien aanbied as verteenwoordigend van die werklikheid. Om te bevestig dat hy/sy perspektief die ware weergawe of perspektief van/op die werklikheid is, sal hy/sy allerlei meetinstrumente en eksperimente ontwerp en/of aanwend om presies dit wat hy/sy sien te bevestig.



Indien A en B besluit om ’n multidissiplinêre benadering te volg, gaan hulle by twee wedersyds uitsluitende gevolgtrekkings uitkom. Met die "werklike" prentjie buite sig, is die twee waarnemers uitgelewer aan perspektivisme.

Toe Feyerabend die frase "everything goes" gebruik het, het hy nie bedoel enige standpunt/mening is reg, of almal is (ewe) reg nie. Hy wou alleen maar daarop wys dat geen teorie sekerheid kan waarborg nie, aangesien alle metodes - selfs die mees voor die hand liggende - hulle beperkings het. Indien mens dit nie voor oë hou nie, is dit maklik om mense - jouself ingesluit - op ’n rasionele manier aan die neus te lei. Perspektivisme beteken nie noodwendig radikale relativisme t.o.v. kennis konstrukte nie.

[3] Deist FE 2000 *The Material Culture of the Bible. An Introduction.* Sheffield: Sheffield Academic (pp.41-47).

Relativisme

Kant het immers reeds beduie dat ons nie toegang tot werklikheid self het nie. Ons werk met mediaal waargenome ("medially observed") en waargeneemde ("perceived") werklikheid (reality). Indien ons as't ware met 'n goddelike oog na die werklikheid kon kyk (die voorbeeld hierbo), dan sou ons gesien het dat beide perspektiewe verkeerd is, maar tog ook nie heeltemal verkeerd nie. Ons sou ook geweet het dat dit beter sou wees om beide perspektiewe te aanvaar, al lyk hulle vir beide waarnemers of ons wedersyds uitsluitend.

En dan, indien beide partye die relatiwiteit van hulle eie waarneming/perspektief sou aanvaar, sou hulle waarskynlik óf die moontlikheid kon raaksien om met konstruktiewe argumente te soek na 'n beter waarnemersposies/perspektief om die objek 'n bietjie meer akkuraat te beskryf, óf om hulle twee verskillende perspektiewe as komplementerend raak te sien.

Dit is dus moontlik om die relatiwiteit van ons onderskeie perspektiewe te aanvaar, sonder om die vraag na die beter, of 'n meer geldige perspektief te laat vaar. Sodra 'n mens die relatiwiteit van jou eie posisie/perspektief aanvaar, sowel as die ander se reg om 'n eerlike, alhoewel ander perspektief /mening te hê, word die speelveld gelyk en bied dit die moontlikheid vir konstruktiewe debat.

Dit is baie belangrik om te besef dat so 'n debat sy doel nooit kan wees om 'n ewige en altyd geldende en/of universele waarheid te ontdek nie. As mense het ons immers nie so 'n perspektief nie. Ten minste kan dit lei tot 'n beter beredeneerde perspektief/mening. Dit gebeur egter net wanneer beide perspektiewe se voorstanders in die argumentering en beredenering werklik opsoek is na die bes moontlike oplossing (en nie om die argument te wen nie) én in die proses ook weer baie eerlik die eie strategie, argumentering en posisie stelling ondersoek/herbesoek. Meer nog, dit word dan ook moontlik dat gespreksgenote nader kan kom aan die onderskeiding ten opsigte van wat 'n beter en wat 'n swakker interpretasie moontlikheid is.

Geldigheid

Dit is in die opsig dat geldigheid ("validity") belangrik is. Geldigheid het onder meer te doen met die moontlikheid/aanneemlikheid ("plausibility), effektiwiteit ("effectiveness") en egtheid ("genuineness") van 'n perspektief/mening. Die teenoorgestelde het te doen met misleiding - ook soms verleiding - ("deceitfulness), ontwyking/verdoeseling ("delusiveness") en verlokking ("beguiling").

Aanneemlikheid dui op die bewyse wat ten gunste van 'n perspektief/mening aangevoer word en saam met effektiwiteit dui dit die rigting aan na die oorredingsvermoë van 'n bepaalde mening/perspektief. Op sy beurt dui egtheid op die etiese kant van 'n perspektief/mening in die sin dat dit gewoon van opregte eerlikheid getuig.

Om oortuig te word dat 'n bepaalde perspektief moontlik meer waarskynlik as 'n ander een is, moet soveel as moontlik van die elemente in die illustrasie op die volgende bladsy, teenwoordig wees, terwyl enkeles selfs onontbeerlik vir die proses is. Grondige bewyse ten gunste van 'n bepaalde perspektief of mening is baie belangrik, maar indien daar nie ooreengekome kriteria is nie, óf nie daarby gehou word nie is oortuiging en/of konsensus nie moontlik nie.

Dit wat hier bo bedoel word, word op die volgende bladsy grafies voorgestel:



Konsensus

Na alles gesê is, het ons egter waarskynlik niks meer as ’n aantal waarskynlike opsies nie. Ons moet eerstens onthou dat konsensus nie aanspraak kan maak daarop dat dit universele konsensus is nie. Ons behoort eerder te praat van plaaslike konsensus. Onder ons, in hierdie tyd, met die lig tans tot ons beskikking en onder hierdie omstandighede en in die lig van die perspektiewe onder ons, kan ons tot ’n lokale/plaaslike/eie tyd se konsensus kom, maar nooit tot ’n universele, algemeen geldende konsensus nie.

Tweedens kan dit nie eintlik enige iets bevestig, of as waar bewys deurdat dit konsensus nou die nuwe meerderheid opinie word nie. Die "plaaslike" aard van konsensus sluit by verstek die aanspraak op universele, altyd geldende sekerheid uit. ***Wat konsensus wel kan doen, is om almal uit te nooi om ’n bepaalde oortuiging te ondersteun.***

Ons doen dit almal in ons gewone alledaagse lewe ten opsigte van besluitneming. Ons kies min vir een opsie teen ’n ander een omrede ons absoluut seker is, dit is die regte een is. Ons neem meestal ’n besluit omrede ons oortuig is keuse A is beter as keuse B. In ons alledaagse lewe en wat die kerk betref, onder gelowiges oor die algemeen, is oortuiging meermale gebaseer op geleefde waardes, eerder as op epistemologies, bevestigde universele beginsels.

137- Voorlegging Egpare in Burgerlike Verbintenisse

Voorlegging aan die Buitengewone Algemene Sinode van die NG Kerk deur egpare in Burgerlike Verbintenisse

Ons is ‘n aantal lidmate van die NG Kerk wat almal reeds geruime tyd in selfdegeslag burgerlike verbintenisse is.

Ons het kennis geneem dat:

- die Algemene Sinode van die NG Kerk in Oktober 2015 besluit het om erkenning te gee aan hierdie tipe verbintenisse;

- die uitvoering van hierdie besluit in November 2015 opgeskort is op grond van regsadvies wat ingewin is oor die effek van appèlle wat téén die besluit aangeteken is;

- hierdie opskorting van die besluit in September 2016 opgehef is.

Ons aanvaar dat hierdie besluit van die Algemene Sinode nou geldig is en dat die erkenning van ons burgerlike verbintenisse dus van krag is.

Ons beskou hierdie erkenning deur die Kerk enersyds as ‘n voorreg waaroor ons baie dankbaar is, maar andersyds as ‘n kosbare reg wat ons met groot jaloersheid sal beskerm.

Ons doen ‘n ernstige beroep op die Algemene Sinode om enige poging om hierdie reg van ons af weg te neem met groot beslistheid teë te staan en om op dié manier te verseker dat ons Godgegewe menswaardigheid nie weer geskend word nie.

1. Pieter Oberholzer en Fanie Zondagh

2. Jean du Plessis en Danie Smit

3. Judith Kotzé en Surita Madsen-Leibold

4. Liesbeth en Jomarié Botha

5. Leon Homan en Pieter Smit

6. Francois Johannes (Francois) Conradie en Jasper Nicolaas Johannes (Nick) Smit